

## 20 September Numeri 13:1-14:11; (Teks: 14:11)

### ***Die Here maak Homself aan ons bekend sodat ons op Hom sal vertrou***

In vele opsigte beleef ons as gelowiges dieselfde situasie as Israel van ouds. Ons staan ook voor 'n onseker toekoms. Hoe gaan ons dit tegemoet? Die antwoord lê in drie woorde wat die Here hier in vers 11 gebruik: tekens, verag en nie-glo-nie (1953-vertaling).

Die Here sê Hy het baie tekens onder Israel gedoen. Daar was die plaë in Egipte, die Rooisee, Mara, kwartels en manna, water uit die rots, die kliptafels, die wolk en die vuurkolom. In al hierdie dinge sien 'n mens hoe die Here vir hulle sorg op al die terreine van hulle lewe. Hy is hulle Vader.

Die toekoms is benoudend, maar die Here sê: Kyk terug. Kan jy een oomblik in jou verlede raaksien waar God jou ontbloot en weerloos gelaat het vir die Satan om sy houe genadeloos te slaan? Meer nog, jy kan ook terugkyk op jou uitverkiesing voor die grondlegging van die wêreld af, die kruis op Golgota waaraan ook jou skuldbrief vasgespyker is. Daaraan moet jy vashou voordat jy vorentoe durf kyk.

Maar kyk wat doen Israel. Die verkenners kom terug en doen verslag: Die land loop oor van melk en heuning, maar ... die mense wat daar woon! Hulle is sterk en hulle getalle is groot, die stede is groot en versterk. Hulle is reuse! En dadelik is die tekens wat die Here onder hulle gedoen het vergete. Die Here sê dit is omdat hulle Hom verag.

Is dit nie ook soms ons probleem nie? Ons kyk die toekoms in en sien mense, goddelose mense met baie mag. Om die toekoms sonder God te sien is om Hom te verag.

Maar die Here sê ook dat hulle nie in Hom glo nie. Dan word Hy verag. God is uit die prentjie. Die volgende stap is nie-glo-nie; ek vertrou nie myself nie en my lewe aan Hom toe nie. Hy kon ons gister red, maar beslis nie môre nie.

Geloof daarenteen is om jou totaal aan die Here oor te gee, Hom geheel en al te vertrou met jou lewe self. Vertrou Hom vir die toekoms, tot die wederkoms toe. Dan sal die laaste vyand verdwyn, sal elke knie voor Hom buig en sal Hy by ons wees vir altyd.

Sing: Psalm 18:15,20

Ds. P.H. Fick (Springs)